Harvesters Ministries
Opening the Way

November 2024

# Shakira se Getuienis:
## Haar Vuurproef word 'n Triomftog






NE1124_AF

Shakira is 'n 15-jarige meisie van Uganda. Haar storie is 'n kragtige, angswekkende, getuienis van volharding in die aangesig van ondenkbare verdrukking. Shakira het grootgeword in 'n toegewyde Moslem gesin in Pallisa. Sy het vir baie jare gely onder 'n demoniese gees wat haar besete en buite beheer laat optree het. Shakira se familie was desperaat vir genesing en het oplossings probeer vind by talle toordokters en Imams, maar geeneen van hulle kon haar help nie. Sy is getreiter en verwerp; haar mense het haar hanteer asof sy mal is.

Eendag het 'n vriendin die genesing wat Jesus kan bring met Shakira gedeel. Uit desperaatheid het Shakira besluit om 'n kerkdiens by te woon. Daar het sy die lewensveranderende besluit geneem om vir Christus te volg. Haar nuwe familie in Christus het vir haar gebid en sy het wonderbaarlike genesing ervaar. Vir die eerste keer in jare het Shakira vry gevoel. Oorstelp van vreugde het sy haarself huis toe gehaas om die nuus met haar familie te gaan deel. Hulle reaksie was skokkend.

Gevul met woede en nydigheid oor haar besluit het Shakira se familie, en ander lede van die gemeenskap, haar brutaal aangerand. Shakira is meer as 100 keer met 'n lat geslaan terwyl haar vervolgers daarop aangedring het dat sy afsien van haar nuutgevonde geloof. Maar Shakira, wat toe maar vir een dag 'n Christen was, het geweier om Jesus te verraai. Sy was onwrikbaar in haar geloof.

In Pallisa, en baie dele van Uganda word die Christen gemeenskap ingeperk deur intense vervolging. Kerke word vernietig en gelowiges, soos Shakira, word aangeval. Maar Shakira is bevoorreg – sy het 'n kerk-familie gevind wat haar in haar donkerste uur kan vertroos, beskerm en dissipeleer.

Plaaslike kerke is noodsaaklik, veral in streke waar Christene die risiko van vervolging ervaar. Sonder die teenwoordigheid van 'n kerk sou mense soos Shakira dalk nooit die verlossing, genesing en vrede wat so broodnodig is, ervaar nie. Dit is waarom haar getuienis die belangrikheid daarvan om kerke te plant, die Evangelie te deel en nuwe gelowiges te dissipeleer beklemtoon. Wanneer ons vir Shakira bid, mag ons ook dink aan diegene wat nog wag op die hoop en liefde wat Christus kan bring.



## Ook in hierdie uitgawe:

2 Vestig Strome van Hoop: Zimbabwiese Leraars word Gemobiliseer vir Kerkplanting
4 Duisende Rwandese Dissipels Ontvang Bybels!






# Vestig Strome van Hoop

## Zimbabwiese Leraars word Gemobiliseer vir Kerkplanting

In Zimbabwe lewer die Evangelie vrug; lewens word getransformeer en gemeenskappe word vernuwe. Harvesters het onlangs twee nuwe kerkplantingsbewegings, bekend as Strome, in die stede van Harare en Bulawayo geloods. Hierdie Strome is deel van 'n groter roeping om die Evangelie te neem na onbereikte areas, nuwe gelowiges te dissipeleer en sodoende die werk wat Harvesters in meer as 90 lande doen uit te brei.

### 'n Herontwaking: Leraars Gemobiliseer en Getransformeer

Leraars in Zimbabwe ervaar die onmiskenbare roeping om tot aksie oor te gaan. Die opleiding en ondersteuning wat deur Harvesters aangebied word het opnuut 'n passie onder leraars aangevuur om verder uit te reik as die grense wat hulle tot dusver geken het.

Leraar Cleopas Ncube, van Bulawayo maak die volgende opmerking: "Ek glo dat hierdie 'n geestelike prikkel is vir 'n noodsaaklike verskuiwing wat God na hierdie kerk bring. As hierdie kerk dit kan regkry om die wen van siele sy nommer een prioriteit te maak sal dit nie gestop kan word nie. Dankie dat julle ons mobiliseer."

Nog 'n deelnemer het hierdie transformasie beaam deur te sê, "Ek is nie meer dieselfde as dit kom by ander mense se siele nie. Ek het verander, en ek is dankbaar daarvoor. En ek gaan nog ander bemagtig namate hulle in die werk van God uitbrei." Hierdie visie van vermenigvuldiging – die plant van kerke wat nog kerke sal plant – het posgevat in die harte van die leiers.


Leraar Margareth Chirwa sê verder, "Ons is bemagtig want, net soos baie ander kerke, kyk ons na geboue en versierings, en nie na die [wen] van siele nie. Ons gaan uitgaan en 'n verskil maak. Ons gaan nie meer in ons kokon bly nie; ons gaan nou vlieg!" Hierdie gesamentlike gevoel van herontwaking lei 'n nuwe seisoen in vir evangelisasie in Zimbabwe, in die stede sowel as in afgeleë areas.

### Openbarings uit die Onderrig

Verskeie leraars het besin oor die belang van die onderrig wat hulle by die opleiding ontvang het. Leraar Mthembisi Moyo erken dat mense nie gekoester word om te groei en van hulp te wees nie. "Ons hou hulle in die kerk... hulle doen niks nie. Hulle is nie pro-aktief vir die Koninkryk nie."

Leraars Silent Gwashavanhu van Harare stem hiermee saam. "Ek dink selfs ons leraars het dissipelskap afgeskeep. Hulle bring mense na die kerk, maar daardie mense gaan nie uit nie, en hulle word nie geleer wat om te doen nie. So, ek is baie dankbaar vir hierdie program wat Harvesters na Zimbabwe gebring het. Dit sal ons help ons mense te dissipeleer sodat hulle in hulle gemeenskappe kan evangeliseer."





Silent G



Maphosa



Abel Majarira



Simon Makaza



Angel Netha


Cleopas Ncube


Margareth Chirwa


Mthembisi Moyo


Gwashavanhu





Leraar Maphosa deel sy wroeging met kerkgroei as gevolg van die las wat hy op homself geplaas het en nou nie kan volhou nie. As hy nadink oor hierdie uitdagings erken hy nederig: "In my kort lewe het ek vier kerke geplant, en oor drie van hulle kan daar nie rekenskap gedoen word nie. Ek raak elke keer kwaad as ek daaraan dink, want ek blameer ander mense dat hulle disfunksioneel is. Maar na hierdie opleiding het ek besin en gesê, 'Nee, ek moet myself blameer.' Ek het daardie leraar geword wat oral rondhardloop, [kerke] plant en nooit mense dissipeleer nie."

Maphosa het lof vir die oplossing wat Harvesters bring. Hy sê die Harvesters Hub-model is "'n opwindende model want [...] dit skep dissipels wat dan ook verantwoordelik raak vir kerkplanting." Aangevuur en toegerus met ons model vir volhoubare groei berei hy homself daarop voor om binnekort nog twee kerke te plant.



### Uitdagings: Armoede, Afstand en Droogte

Zimbabwe, net soos baie ander streke in Afrika, het sy eie uitdagings as dit kom by die verkondiging van die Evangelie. Baie leraars, veral dié in landelike areas, worstel met grootskaalse armoede, gebiede wat moeilik is om te bereik en die vernietigende impak van droogte.

Leraar Abal Majarira beskryf die uiterste omstandighede na die ernstige droogte: "In sommige landelike gebiede kon mense niks oes nie. Die situasie is rampspoedig. Sommige gesinne oorleef deur die wortels van bome [te eet]."

Daarbenewens is leraars ywerig om die Evangelie na meer afgeleë plekke te neem, maar dit kan uitdagend wees. Sommige predikers skeep landelike areas af as gevolg van die groot afstande wat afgelê moet word. Maar, soos Leraar Simon Makaza sê: "Daar is mense daar wat die Evangelie nodig het."

Hierdie uitdagings beklemtoon waarom Harvesters fokus op streke met geen bestaande Christen teenwoordigheid nie. Deur plaaslike leraars toe te rus met hulpmiddelle, opleiding en ondersteuning streef ons daarna om elke afgeleë en vergete plek met die Evangelie te bereik en kerke te plant wat gemeenskappe sal dien.



### Ons Kyk na die Toekoms: Hoop en Uitbreiding

As ons vorentoe kyk is die toewyding en die optimisme van die leraars ooglopend. Leraar Angel Netha se siening hieroor som dit goed op: "Ek gaan beplan wat om volgende te doen [na hierdie opleiding]. Teen die tyd dat julle weer terugkom sal ek 'n getuienis hê!"

Dit het ons met vreugde gevul om die nuus te ontvang dat 'n nuwe kerk reeds geplant is slegs twee weke nadat Harvesters die "Kick Offs" gedoen het. Die sade wat tydens hierdie opleidingsessies gesaai is het reeds begin vrug dra en, met jou ondersteuning en gebed, sal die impak voortdurend groei.

Met nuwe Strome in Harare en Bulawayo is leraars meer toegerus en passievol as ooit om onbereikte siele te bereik en nuwe gelowiges te dissipeleer. Ten spyte van die uitdagings van armoede en droogte staan die roeping vas – en met die hulp van God sal die kerk in Zimbabwe nie net vermenigvuldig nie, maar floreer.



NE1124_AF

# Duisende Rwandese Dissipels Ontvang Bybels!





Harvesters het onlangs 3,000 Kinyarwanda Bybels na meer as 130 kerke regoor Rwanda geneem. Bybels is uitgedeel vanaf Kigali tot aan die noordelike en suidelike grense. Die impak kon onmiddellik aangevoel word. Dit was hartroerend. Dankbare leraars het telkens die woord "Nezerewe" oor en oor herhaal. Dit beteken: "Ek is verheug!"

Toe Leraar Alice, wat in die suidelike gedeelte van Rwanda werksaam is, die Bybels ontvang het sy dit beskryf as "meer kosbaar as goud." Hierdie Bybels, wat gekoester word as geskenke, sal kerkleiers en gelowiges in staat stel om ander gelowiges te dissipeleer en sodoende die Groot Opdrag na te kom.

Die span wat aan die Bybelplasing deelgeneem het, het ook gebruik gemaak van unieke geleenthede om te evangeliseer en die Woord van God te deel. Hulle het uitgereik na motorfietsryers, evangelisasie materiaal uitgedeel en hoop in die strate verkondig. En, toe hulle 'n gelowige teëkom wat nie 'n Bybel besit nie, kon hulle aan hom een as geskenk gee. Hy het met hulle gedeel hoe dit hom sou bemagtig om ander oor die Woord van God te leer.

Mag die saad van Sy Woord talle dissipels tot gevolg hê. Himbaza Umwami! Prys die Here.



**Harvesters MINISTRIES**

**www.harvestersministries.com**

Telefoon: **021-300-5629**
E-pos: **info@harvestersministries.com**
Adres: **Eenheid 9, Tazra Park 2 • Stuart Close • Somerset West Business Park • Somerset-Wes , 7130**

HARVESTERS MINISTRIES IS 'N GEREGISTREERDE NIE-WINSGEWENDE- EN OPENBARE WELDAADSORGANISASIE ORGANISASIE (NPO EN PBO).

## Dissipelmakers

Ons het 'n nuwe weergawe van ons suksesvolle Dissipelmakers-kursus bekendgestel, wat ontwerp is om kerke met dissipelskap en groei te ondersteun. Ons loof die Here vir hierdie sukses. Na aanleiding van vyf-en-twintig jaar se ondervinding en sukses met ons evangelisasie, kerkplanting, leraar opleiding en dissipelskapstrategieë in meer as 97 lande, kom hierdie kursus terug na die basiese Bybelse beginsels. Die fokus is op die boodskap en metodologie van Jesus om die wêreld met die evangelie te bereik.

As jy meer wil leer oor die Dissipelmakers-kursus of ons wil nooi om dit by jou kerk te kom aanbied, kontak ons vandag nog.

## Help om die *weg te baan* sodat die wêreld Christus kan leer ken

Elke R 3 800 wat ingesamel word sal ons in staat stel om ...

☑ 'n leraar op te lei
☑ 3 kerke te plant
☑ 'n Bybel te voorsien
☑ ongeveer 300 mense te bereik en van hulle dissipels te maak.

**Maak vandag 'n blywende verskil deur te gee!**

**Baie dankie.**

Bankbesonderhede vir direkte inbetalings:
Harvesters Ministries, ABSA Bank,
Rekeningnommer: 4075041297,
Takkode: 632005
Verwysing: "NE1124AFEM"+[jou naam]

Ander opsies om 'n bydrae te maak:
**GEE AANLYN** via ons webblad OF volg die QR kode om via Zapper of Snapscan te gee:

zapper SnapScan